# Tafnuus: Maart 2026

**Beste Tafelberg-Fotografieklub**

**Ons sien uit na ons weg naweek die 9de tot 11de Oktober 2026 te Disa kloof jeug terrein in Bettiesbaai**. Bespreek asb Huisie of kamp area teen **25ste Maart**. Dit beloof soos in die verlede spesiaal te wees, dit skep wonderlike geleenthede om te groei en om met mede fotograwe mooi tye te beleef. Kontak Theo Potgieter Sel: 0836778354 of epos : theop@hotmail.co.za

Ons Honde Uitstappie die 7de Maart is goed ondersteun en heelwat positiewe terugvoer is ontvang, ‘n uitstappie wat ons gerus kan herhaal.



**11de April 2026** uitstappie na Val de Vie Polo, laat weet of jy nog wil kom.

**Dankie Theo vir al jou puik reelings.**

Dankie aan David Barnes vir sy humor, bondige en positiewe opbouende kommentaar.

## 1. WEN-FOTO’S van Maart 2026. KATEGORIE – Makro, beoordelaar David Barnes:

| | |
|---|---|
|  |  |

| | |
|---|---|
| **Fighting for survival: Juliane van Dyk**<br>**Wenner: oop kategorie** | **Kyk vir jou: Andre de Koker**<br>**Naas wenner oop kategorie** |
|  |  |
| **Skoenlapper op malva: Juliane van Dyk**<br>**Wenner: Vaste kategorie Makro** | **Hold on: Juliane van Dyk**<br>**Naas wenner vaste kategorie** |
|  | |
| **Snuffel : Cobus Carstens**<br>**Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan die Maand kompetisie wenners!!!!**

## 2. April 2026: BYEENKOMSTE

- Die maand se klubkompetisie is die **21ste April** en die sluitingsdatum vir inskrywings is die **15de April.** Die byeenkoms is by Logos en sal ook geZoom word. Ons laaste hibriede byeenkoms voor die 3 maande van slegs Zoom. **Phillip de Lange** is ons beoordelaar, dankie Phillip vir jou bydrae tot die klub en jeug.
- Baie dankie aan Kathy Smith, Marinda Rossouw en Fransonette Swart vir die versnapperinge en opwas na die kuier tydens die Maart kompetisie aand. Dit maak dit moontlik om heerlik saam te kuier.

- **Tema vir April kompetisie: Meervoudige blootstelling. Mono of kleur. Manipulasie word toegelaat. Andre de Koker se uitstekende vaardigheidsaanbieding van Maart is van groot nut as jy hierdie tegniek aanpak.**

  Meervoudige blootstelling (Multiple Exposure) in fotografie is ’n tegniek waar twee of meer beelde oor mekaar op dieselfde raam vasgelê word, sodat dit saam een enkele, gekombineerde foto vorm.

- **Vaardigheid - 14de April : Wildsfotografie.** By die geleentheid gaan **Christo Giliomee,** een van ons bekwame meester fotograwe, met die klub gesels oor sy passie vir wildsfotografie.
- *Datum uitgestel weens Paasnaweek, dus tweede Dinsdag van die maand.*

## 3. KLUB PRESTASIES:

<u>Uitslae van PSSA Salonne:</u>

- **Dankie aan elkeen wie ingeskryf het by salonne. Geluk aan onderstaande lede met hul prestasies. Ons is tans 4de op klub vlak in die land, en eerste in die Wes Kaap!!! Wel gedaan Taffies! Daar kan nog veranderinge plaasvind tot die einde van Junie wanneer Impala kompetisie sluit.**
- Onthou asb die volgende komende salonne: PSSA salon die 28ste Maart. Worcester salon 04/04/2026. Boksburg salon 11/04/2026. HCPS salon 18/04/2026.

**Taf klub se salon sluit die 2de Mei. Berei asb voor - veral vir die twee print afdelings.** Om aan die afdelings deel te neem verg tyd, indien onseker, druk eers jumbo en verander dan voor finale druk, aangesien dit duur is. Mens leer baie, oa ook geduld. Sterkte.
Daar is ook klub medaljes op die spel.

| Naam | *Highway salon* | *Ermelo digitale salon* |
|---|---|---|
| Neels Beyers | 1 | 2 |
| Hendi Barnard | 1 | |
| Amanda du Toit | 2 1 Meriete | 2 |
| Christo Giliomee | 2 1 Meriete | 5 1 Meriete |
| Niel Goslett | | 3 1 Meriete |
| Quintus Heine | 1 | |
| Theo Potgieter | | 5 1 Meriete |
| Juliane van Dyk | 9 1 Meriete | 4 |
| Adriaan v Zyl | 2 | 5 1 Meriete |
| Karen v Zyl | 7 | 6 1 Meriete |
| Mariana Visser | 5 | 1 |
| Arnold van Dyk | 8 1 Meriete<br>1 medalje kategoriewenner | 14 5 Meriete |
| Sonja Myburgh | 9 | 5 1 Medalje |
| Andre de Koker | 1 | 3 |
| Esme Bruwer | 1 | 3 |

**Wes Kaap Fotografie Forum mini kongres:** Onthou om te bespreek vir die naweek van 4de tot 6de  September. Koste vir etes en werkswinkels R550, bespreek eie verblyf appart. Ons gaan in Tulbach saam met Kyle Goetch as hoofspreker, werkswinkels en praktiese sessies oor landskaps fotografie bywoon. Daar is ook ‘n interklub kompetisie. E-pos reeds voorheen utgestuur in die verband.

## 4. LAASTENS

**Kom ons bly positief en pak hierdie nuwe maand met geesdrif aan. Bly groei en moedig mekaar aan. Woon gerus byeenkomste en weg naweke  by. Geniet jou fotografie reis met al sy uitdagings!!**

Vriendelike groete,

Juliane van Dyk

**Tafelberg Fotografieklub - "Die lekkerste fotografieklub in die Wes-Kaap"**
e-mail    : tafklub@gmail.com  website : www.tafklub.co.za